AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3
GRAAD 10
23 Mei 2019

PUNTE: 100 **TYD: 2 UUR**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:

AFDELING A:	**Opstel**	**(50)**
AFDELING B:	**Langer transaksionele teks**	**(30)**
AFDELING C:	**Korter transaksionele teks**	**(20)**

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ’n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy strepe deur alle beplannings trek nadat die finale produkte voltooi is.

7. Beplan jou tyd só:
   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 35 minute
   AFDELING C: 25 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf ’n opstel van 150-200 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

1.1 Die dag wat ek nooit sal vergeet nie. [50]

1.2 Tienerwees – die beste tyd van my lewe. Ja of nee? [50]

1.3 Toe lui my selfoon ... [50]

1.4 Ek en jy kan ’n verskil maak! [50]

1.5 Eendag as ek groot is ... [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet ’n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1

[50]

1.6.2

[50]

1.6.3

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou beste maat word geboelie.

Skryf ‘n INFORMELE BRIEF aan jou maat waarin jy hom/haar raad gee oor hoe om die situasie asook die boelie self te hanteer. **[30]**

2.2 RESENSIE

Julle gesin het gedurende die langnaweek by ‘n baie interessante restaurant geëet. Jy was so beïndruk met die uniekheid en dekor van die restaurant dat jy besluit het om ‘n resensie vir jou skoolkoerant te skryf.

Skryf die RESENSIE waarin jy vertel waarom jy die restaurant vir ander leerders en hulle gesin sal aanbeveel. **[30]**

2.3 TOESPRAAK

Dit is jou ma/pa se 50ste verjaarsdagpartytjie en jy is die oudste kind in die familie. Jy moet ‘n toespraak lewer waarin jy jou pa/ma namens al die kinders gelukwens.

Skryf die TOESPAAK wat jy gaan lewer, neer. **[30]**

2.4 DIALOOG

Jy moet leer vir die eksamen wat voorlê. Jou ma stap in jou kamer in en jy is besig op jou selfoon in plaas daarvan om te leer. Sy wil jou selfoon vat.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou ma neer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 ADVERTENSIE

Die Gr 10-leerders hou een van die dae ’n entrepreneursdag by julle skool. Ontwerp ’n ADVERTENSIE waarin jy jou produk of diens bemark.

[20]

3.2 INSKRYWINGSVORM

Jy kan ’n gratis vakansie vir jou en jou gesin na ’n eksotiese eiland wen. Jy moet kan verduidelik waarom julle gesin as die wenners gekies moet word.

Teken die INSKRYWINGSVORM hieronder **oor** in jou antwoordboek en voltooi dit soos aangedui.

Sorg dat die inligting op die vorm lank genoeg is vir die 80-100 woorde wat jy moet skryf.

----------INSKRYWINGSVORM----------

Naam: _____

Van: _____

Adres: _____

_____

_____

Geboortedatum: _____

Selfoonnommer: _____

Ek dink ons gesin moet gekies word, want/omdat

.....

.....

.....

[20]

3.3 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy is uitgenooi na een van jou gunsteling rock-groep se vertoning. Jy is baie opgewonde, maar intussen het jou ouers jou rapport teruggekry van die skool af en jou punte was nie op standaard nie. Nou mag jy nie meer na die vertoning toe gaan nie!

Maak **TWEE** DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Maak 'n DAGBOEKINSKRYWING van hoe jy gevoel het oor die vertoning VOOR jou ouers die rapport gekry het.
- Maak nog 'n DAGBOEKINSKRYWING van hoe jy gevoel het NA jou ouers die rapport gekry het.

TOTAAL AFDELING C: [20]

GROOTTOTAAL : 100